**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**GESKIEDENIS VAN TEATER, KOSTUUM EN LETTERKUNDE SG (Eerste Vraestel: Geskiedenis van Teater en Kostuum)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 180**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord SEWE vrae: VIER vrae uit Afdeling A en DRIE vrae uit Afdeling B.
- Maak seker dat jou antwoorde in ooreenstemming met die vraagnommers op die vraestel genommer is.

---

## AFDELING A
## TEATERGESKIEDENIS

Beantwoord enige VIER vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 1

Skryf kort aantekeninge oor enige VYF van die volgende:

1.1 Propaganda-teater

1.2 *Gesamtkunstwerk*

1.3 Multimedia-produksies

1.4 Meyerhold se betrokkenheid by die Moskou Kunsteater

1.5 Die nadele van gasbeligting

1.6 'Paratheatre' 5x6=**[30]**

## VRAAG 2

As regisseur van een van jou voorgeskrewe tekste vir letterkunde of toneelstudie is jy onseker oor die benadering wat jy tot regie moet volg. Ondersoek enige TWEE van die volgende twintigste-eeuse regisseurs se style en benaderings tot regie as moontlike opsies vir jou werk. Maak seker dat jou antwoord duidelik aandui hoe elk van jou gekose regisseurs se styl jou produksie sal beïnvloed.

2.1 Max Reinhardt

2.2 E. Gordon Craig

2.3 Vsevold Meyerhold

2.4 Jerzy Grotowski 2x15=**[30]**

## VRAAG 3

> " ... Daar is sekere individue wie sonder twyfel melding verdien vir hulle bydrae tot die ontwikkeling van teater in die twintigste eeu. Adolphe Appia en Gordon Craig word beslis by hierdie berekening ingesluit, aangesien albei ontwerpers se bydrae tot die verhoog en beligting die grondslag was vir ander ontwerpers om na te volg ..."

Skryf ? kort opstel waarin jy Edward Gordon Craig en Adolphe Appia se belangrikste bydraes en vernuwings tot ontwerp bespreek. 2x15=**[30]**

## VRAAG 4

Sekere twintigste-eeuse teaters was besonder betekenisvol en invloedryk wat betref hoe teater vandag beoefen word.

4.1 Skryf kort aantekeninge waarin jy verduidelik waarom die volgende teaters ? belangrike bydrae gemaak het tot hoe teater vandag nog beoefen word:

4.1.1 Die Moskou Kunsteater

4.1.2 Die Markteater

4.1.3 Die Poolse Laboratoriumteater 3x5=(15)

4.2 Baie van die kenmerke wat vir die eerste keer by die Bayreuth Festspielhaus bekend gestel is, kan nog steeds gesien word in die ontwerpe van kontemporêre teatergeboue. Skryf ? kort paragraaf waarin jy die belangrikste kenmerke bespreek wat deur die Bayreuth-teater bekend gestel is. (15)

**[30]**

## VRAAG 5

Die Markteater in Johannesburg is ? goeie voorbeeld van ? een-en-twintigste-eeuse Teater-kompleks.

5.1 Waarom, na jou mening, kan teaterkomplekse soos die Markteater as ideaal beskou word om in die behoeftes van ? kontemporêre Suid-Afrikaanse gehoor te voorsien? (10)

5.2 Noem en beskryf EEN opvoeringsarea in die Markteaterkompleks wat deur middel van veranderinge aan die speelruimte, verander kan word. (5)

5.3

> " ... Beide Marthinus Basson en Barney Simon is al vereer vir hul kontroversiële aanvoorwerk ... pioniers van Suid-Afrikaanse Teater ..."

Skryf ? kort huldeblyk aan EEN van hierdie Suid-Afrikaanse regisseurs, waarin jy jou gekose regisseur se bydrae tot teater in ons land duidelik uitlig. (15)

**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [120]**

AFDELING B
**KOSTUUMGESKIEDENIS**

Beantwoord AL DRIE vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 6**

Ondersoek die MANS-modetendense in haarstyle, gesigshare (baarde en snorre), hoofbedekkings en ander bykomstighede gedurende die **Vroeë**, **Middel-** en **Laat-Victoriaanse** tydperke. **[20]**

**VRAAG 7**

Skryf kort aantekeninge oor hoekom jy ENIGE TWEE van die volgende twintigste-eeuse ontwerpers as "signature designers of their time" beskou.

Verduidelik waarom jy hulle insette as ? refleksie beskou van die periode waarin hulle gewerk het.

7.1 Coco Chanel

7.2 Christian Dior

7.3 Elsa Schaparelli

7.4 Mary Quant 2x15=**[30]**

**VRAAG 8**

Ontwerp EEN kostuum (MANLIK **OF** VROULIK) vir ? karakter in enige toneelstuk van jou keuse wat in die twintigste eeu afspeel. Noem die titel van die toneelstuk en die presiese periode waarin die toneelstuk afspeel. Skenk veral aandag aan duidelike benoeming van jou ontwerp. **[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [60]**

**TOTAAL: 180**

**EINDE**